

HOOFSTUK 33.0 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA BEVORDERBAARHEIDSKRITERIA BY ONDERWYSERS3.1 DOEL MET EMPIRIESE ONDERSOEK

Nadat daar 'n deeglike literatuurstudie onderneem is, is bepaalde bestuursbevoegdhede by skoolhoofde geïdentifiseer. Hierdie bevoegdhede sal telkens in ag geneem word om te bepaal of onderwysers bevorderbaar is al dan nie. Die volgende bestuursbevoegdhede is geïdentifiseer : gradering as vakonderwyser, gesindheid teenoor die onderwys en vorming van die leerling; probleemoplossingsvermoë; beplanningsvermoë en organisasie; besluitneming; administratiewe bevoegdhede; verhouding teenoor personeel; verhouding teenoor ouers; verhouding teenoor leerlinge; aanvaarbaarheid deur die breë gemeenskap; personeelontwikkeling; vernuwing, besigheidsin; professionele optrede teenoor die onderwysowerheid en delegering.

Onder elk van hierdie kategorieë is telkens vyf kriteria geformuleer. Die doel hiermee was om 'n objektiewe meetinstrument vir die bepaling van bevorderbaarheid van onderwyspersoneel daar te stel. Die potensiele adjunk-hoof of skoolhoof kan dan aan die hand daarvan geëvalueer word ten einde sy bestuursbevoegdheid en dus ook sy bevorderbaarheid te bepaal.

Bogenoemde kategorieë en kriteria is daarna in die vorm van 'n vraelys aan alle akademiese inspekteurs, kringinspekteurs, streekinspekteurs en streekhoofde in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement gestuur met die versoek dat hulle die kriteria onder elke kategorie hiërargies in volgorde van belangrikheid moet rangskik. Die bepaalde respondente is betrek vanweë hulle ervaring as voormalige skoolhoofde en evalueerders in die onderwys. Deur middel van die vraelys en die wenke van die respondente sal daar gepoog word om 'n objektiewe meetinstrument te ontwerp met die oog op die objektiewe bepaling van bevorderbaarheid van departementshoofde en adjunk-hoofde tot skoolhoofskap.

3.2 POPULASIE-OMSKRYWING

Alle Inspekteurs van Onderwys in Transvaal is saam met skoolhoofde mede-verantwoordelik vir die bevorderbaarheidsbepaling van departementshoofde sowel as adjunk-hoofde na skoolhoofskap. Die totale populasie sluit die volgende kategorieë in, nl. akademiese inspekteurs (manlik en vroulik), kringinspekteurs, streekinspekteurs en streekhoofde.

Tabel 3.1 dui die verskillende kategorieë evalueerders aan en gee ook 'n aanduiding van die aantal respondente, hulle geslag, die aantal vraelyste uitgestuur sowel as die persentasie voltooide vraelyste wat terugontvang is.

TABEL 3.1

GEGEWENS IN VERBAND MET VRAELYSTE UITGESTUUR
EN TERUGONTVANG

	VRAELYSTE UITGESTUUR		VRAELYSTE ONTVANG		
	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	%
Akademiese inspekteurs	40	7	31	7	80,8
Kringinspekteurs	27	-	22	-	81,4
Streekinspekteurs	6	-	4	-	66,6
Streekhoofde	6	-	5	-	83,3
TOTAAL	79	7	62	7	80,2

Die totale persentasie terugvoering van 80,2% verteenwoordig 'n bevredigende persentasie vraelyste wat terugontvang is, daar 70% deur outeurs as 'n bo-gemiddelde terugvoering beskou word (Landman, 1980, p. 112). Gevolglik kan die voltooide vraelyste wat terugontvang is, as verteenwoordigend van die teikenpopulasie beskou word.

3.3 STUDIEPOPULASIE

In Transvaal is daar in totaal 86 evalueerders (skoolhoofde uitgesluit) wat (soos in tabel 3.1) in die verskillende kategorieë ingedeel is. Aangesien hierdie persone almal ryk aan evalueringservaring is, gepaard met die feit dat hulle maklik bereikbaar is, is besluit dat geen steekproef uit die relatief klein populasie persone getrek sal word nie. Die totale populasie inspekteurs van onderwys in Transvaal is as studiepulasie geneem en behoort dus 'n meer verteenwoordigende mening te kan verstrek. Die verlangde inligting kan sodoende op 'n betroubare wyse verkry word deur telkens die totale universum as teikenpopulasie of studiepulasie te gebruik. Omdat daar dus met die totale populasie inspekteurs van onderwys in Transvaal gewerk word, is geen statistiese inferensie nodig nie en word dus volstaan met die blote beskrywing van die sieninge van die verskillende groepe inspekteurs met betrekking tot die bevorderbaarheidskategorieë en -kriteria.

3.4 DIE VRAELYS

(Vergelyk die vraelys, bylae A). Ten einde die navorsingsplan te kan implementeer of die gestelde navorsingprobleem te kan oplos, kan die navorser besluit op verskillende metodes of tegnieke wat hy gaan aanwend om data in te samel (De Wet, et al., 1981, p. 161). Aangesien die bestuursbevoegdheid van skoolhoofde reeds deur 'n deeglike literatuurstudie geïdentifiseer is, wil die navorser 'n objektiewe meetinstrument vir die bepaling van die bevorderbaarheid van onderwysers ontwerp, waarvoor die deskundige hulp van ervare inspekteurs van onderwys benodig word.

Aangesien inspekteurs van onderwys oor die hele Transvaal versprei is, kon die benodigde data alleenlik bekom word deur van die vraelys gebruik te maak (Bylae A). 'n Gedrukte vraelys is daarby meer doeltreffend en meer prakties as die onderhoudmetode. Ook word daar in 'n vraelys gestandaardiseerde instruksies gegee sodat elke proefpersoon of respondent presies weet wat van hom of haar verwag word (Ary, et al., 1972, p. 169).

Die vraelys wat gebruik is om data vir hierdie navorsing te bekom, is gestruktureerd in die sin dat daar vir elke bevorderbaarheidskategorie 'n aantal kriteria gestel is wat deur respondente hiërargies geklassifi-

seer moes word. Die voordeel van 'n vraelys is daarby dat dit direk is en die response kan maklik geanaliseer word (De Wet, et al., 1981, p. 163).

Die inhoud sowel as die formaat van die vraelys is deeglik beplan. Aangesien die respondente almal met die inhoud van die vraelys in hulle normale werksituasie vertrouwd is, sal dit vir hulle aanvaarbaar wees en behoort geen probleme ondervind te word met die voltooiing van die vraelys nie.

Duidelike instruksies word aan die begin van elke afdeling verskaf in verband met die voltooiing van die betrokke afdeling. 'n Begeleidende brief waarin die doel van die ondersoek verduidelik word, met 'n beklemtoning van die belangrikheid en betekenis daarvan vir navorsing, is aan elke respondent persoonlik gepos. Die versekering is ook gegee dat sy/haar identiteit geensins vir die doel van hierdie ondersoek belangrik is of openbaar gemaak sal word nie.

3.4.1 VERFYNING VAN DIE VRAELYS

Die vraelys is vooraf aan mnre. P.J. Erasmus, Streekhoof van Onderwys; C.J. de Jager, Streekinspekteur van Onderwys en Dr. J.H. van Wyk, vise-Rektor aan die Onderwyskollege, Potchefstroom voorgelê om moontlike tekortkominge te identifiseer en om voorstelle te maak vir die verbetering daarvan. Die verfynde en dus verbeterde vraelys is vir goedkeuring en kommentaar voorgelê aan die Onderwysburo van die Transvaalse Onderwysdepartement. Die nodige toestemming is ook verkry om die vraelys aan alle akademiese inspekteurs, kringinspekteurs, streekinspekteurs en streekhoofde in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement te stuur met die oog op beantwoording en terugsending.

3.5 VERANDERLIKES WAT GEBRUIK IS

(Vergelyk die Vraelys, bylae A).

Volgens De Wet, et al. (1980, p. 88) word 'n veranderlike beskou as 'n begrip wat verskillende waardes kan aanneem. Die belangrikste veranderlikes vir die navorsers is die onafhanklike en afhanklike veranderlikes.

3.5.1 ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES

Dit is daardie veranderlikes in 'n eksperiment wat gemanipuleer word, om hulle invloed op die afhanklike veranderlikes te bepaal.

In die ondersoek is die graad van die pos wat die respondent tans beklee as onafhanklike veranderlike gebruik en dit sluit die volgende in:

Inspekteur van Onderwys (akademies) Inspekteur van Onderwys (kring) Inspekteur van Onderwys (streek) Streekhoof Alle inspekteurs van onderwys gesamentlik

3.5.2 AFHANKLIKE VERANDERLIKES

Afhanklike veranderlikes is daardie veranderlikes wat deur die manipulasie van die onafhanklike veranderlikes beïnvloed word (De Wet, et al., 1980, p. 88).

'n Groot aantal faktore mag die resultaat op die vraelys beïnvloed. Dit was dus belangrik om moontlike invloede op antwoorde te identifiseer as afhanklike veranderlikes. Dit sluit die volgende in:

3.5.2.1 AANTAL JARE ERVARING

Aangesien enkele akademiese inspekteurs nie ervaring in skoolhoofskap het nie en aangesien die inspekteurs van onderwys deur die jare in evalueringservaring kan groei, mag dit 'n merkbare invloed uitoefen op die resultaat van die vraelys. Die volgende kategorieë word hier gebruik:

1 - 5 jaar ervaring 6 - 10 jaar ervaring 11 - 15 jaar ervaring 16 - 20 jaar ervaring meer as 20 jaar ervaring

3.5.2.2 GESLAG

Aangesien dit waarskynlik is dat die vroue in die inspektoraat nie dieselfde evalueringservaring as hulle manlike kollegas het nie, sal die navorser mans en vroue as 'n afhanklike veranderlike beskou.

3.5.2.3 OUERDOM

Die ouderdom van respondente is belangrik, aangesien baie eers op 'n betreklike laat stadium van sy beroepsloopbaan as inspekteur aangestel word. Dit impliseer dat 'n inspekteur op 60-jarige leeftyd nie noodwendig baie ervaring in die evaluering van onderwysers sal hê nie.

3.5.2.4 KWALIFIKASIES

Aanvanklik het skrywer verwag dat kwalifikasies wel 'n invloed op die resultaat kan uitoefen. As gevolg van die groot diversiteit van kwalifikasies is daar nie gepoog om hierdie aspek as 'n veranderlike te beskou nie. Die kwalifikasies is dus nie as afhanklike veranderlike beskou by die bepaling van kategorieë en kriteria vir bevorderbaarheid nie. Hieronder volg egter 'n samevatting van die kwalifikasies waarvoor inspekteurs van onderwys beskik soos aan die einde van 1981.

TABEL 3.2

'N SAMEVATTING VAN DIE KWALIFIKASIES
VAN AKADEEMIESE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS

	Mans	Vroue	%
B-Graad	4	3	18,42
B. Ed-graad	5	2	18,42
Honns-graad	12	0	31,58
M-Graad	6	2	21,05
D-Graad	4	0	10,53
TOTAAL	31	7	100%

TABEL 3.3

'N SAMEVATTING VAN DIE KWALIFIKASIES VAN
KRINGINSPEKTEURS VAN ONDERWYS

	Geta1	%
B-Graad	6	27,27
B. Ed-Graad	10	45,45
Honns-Graad	1	4,55
M-Graad	4	18,18
D-Graad	1	4,55
	22	100%

TABEL 3.4

'N SAMEVATTING VAN DIE KWALIFIKASIES VAN
STREEKINSPEKTEURS VAN ONDERWYS

	Geta1	%
B-Graad	0	0
B. Ed-Graad	3	75
Honns-Graad	0	0
M-Graad	1	25
D-Graad	0	0
	4	100%

TABEL 3.5

'N SAMEVATTING VAN DIE KWALIFIKASIES VAN
STREEKHOOFDE VAN ONDERWYS

	Getal	%
B-Graad	4	80
B. Ed-Graad	1	20
Honns-Graad	0	0
M-Graad	0	0
D-Graad	0	0
	5	100%

TABEL 3.6

'N SAMEVATTING VAN DIE KWALIFIKASIES VAN
ALLE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS

	Getal	%
B-Graad	17	24,63
B. Ed-Graad	21	30,44
Honns-Graad	13	18,84
M-Graad	13	18,84
D-Graad	5	7,25
	69	100%

Daar moet op gelet word dat B-Grade wat verwerf is as voorvereiste vir B. Ed-, Honns-, M- en D-Grade, asook die tweede B-graad, nie in berekening gebring is nie. Kwalifikasies word dus nie in aanmerking geneem as afhanklike veranderlike by die bepaling van kategorieë en kriteria vir bevorderbaarheid nie.

3.6 AANLOOP TOT HOOFHIPOTESE VIR DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

"There are two important elements, however, in the improvement of performance: (i) evaluation or assessment and (ii) in-service or job upgrading programs which are tailor-made to assist the employee being evaluated in improving the areas that were assessed as being below the minimum level of acceptance or as being areas in need of improvement. Any program of evaluation is incomplete without the addition of an in-service or a job upgrading phase." (Herman, 1973, p. 193).

Evaluering moet dus ook beskou word as 'n baie besondere metode vir die indiensopleiding van die onderwyser. Indien 'n stel objektiewe kategorieë en kriteria vir bevorderbaarheid van onderwysers daargestel kan word en personeel bewus gemaak kan word van die kriteria, kan dit lei tot die nastrewing daarvan in sy onderrig- en bestuurstaak in die skoolsituasie. Dit kan groter effektiwiteit tot gevolg hê en kan ook 'n bydrae tot bevorderbaarheid lewer.

3.7 DIE NAVORSINGSHIPOTESE

Indien 'n stel objektiewe bevorderbaarheidskriteria vir onderwysers deur navorsing daargestel kan word en deur evalueerders van onderwysers toegepas kan word, dan behoort elke bevorderbare onderwyser die versekering te hê dat hy objektief geëvalueer sal word en op grond van sy bestuursbevoegdhede en meriete bevorder sal word. Insgelyks sal hierdie bevorderbaarheidskriteria daartoe bydra dat inspekteurs van onderwys en skoolhoofde meer objektiewe besluite met betrekking tot die bevorderbaarheid van onderwys kan neem.

3.8 SUBHIPOTESSES

Die volgende subhipoteses vir die navorsing kan geformuleer word:

3.8.1 SUBHIPOTESE 1

Alhoewel akademiese inspekteurs van onderwys besondere klem op die vakdidaktiese sowel as die vakinhoudelike benadering tot die onderrig van die skoolvak plaas, behoort hulle, op grond van hulle ervaring as skoolhoofde, dieselfde hiërargiese bepaling van die bevorderbaarheids-

kriteria vir onderwysers te maak as wat alle inspekteurs van onderwys dit sal maak.

3.8.2 SUBHIPOTESE 2

Alhoewel kringinspekteurs, streekinspekteurs en streekhoofde oor heelwat meer evalueringservaring vir die bevorderbaarheid van onderwysers behoort te beskik, omdat hulle implisiet saam met skoolhoofde verantwoordelik is vir die bevorderbaarheid van onderwysers in hulle kring of streek tot adjunk-hoof- en skoolhoofskap, behoort hulle dieselfde hiërargiese rangskikking van die bevorderbaarheidskriteria daar te stel as akademiese inspekteurs van onderwys.

3.8.3 SUBHIPOTESE 3

Daar sal 'n verskil wees tussen die hiërargiese rangskikking van bevorderbaarheidskriteria tussen akademiese inspekteurs, nie-akademiese inspekteurs en alle inspekteurs van onderwys.

3.9 WEERGAWE EN INTERPRETASIE VAN DATA

Daar sal vervolgens daartoe oorgegaan word om die ingesamelde data rondom bevorderbaarheidskriteria vir elke kategorie van inspekteurs van onderwys weer te gee en 'n analise en interpretasie van die verkreë data te maak.

3.9.1 AKADEMIESE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS

Die groep akademiese inspekteurs van onderwys waarvan 80,8% terugvoering verkry is, bestaan uit 31 manlike en 7 vroulike respondente wat in die ouderdomsgroepe 30 - 40; 41 - 50; 51 - 60 en 61 - 65 jaar ingedeel kan word en 1 - 5, 6 - 10, 11 - 15 of 16 - 20 jaar ervaring as inspekteur van onderwys kan hê. Uit tabel 3.7 blyk dit dat al die vroulike inspekteurs van onderwys in die kategorie 1 - 5 en 6 - 10 jaar ervaring val.

As gevolg van die verskeidenheid afhanklike veranderlikes, naamlik ervaring, geslag en ouderdom, is 'n sintese gemaak van alle ouderdomsgroepe asook van ervaring. In die sintesekolom word die sintese van die response met die hoogste frekwensie van manlike en vroulike respon-

dente weergegee, ten opsigte van elke bevorderbaarheidskriterium.

3.9.1.1 ANALISE EN INTERPRETASIE VAN TABELLE

n Analise en interpretasie van die volgende tabelle sal nou gemaak word:

3.9.1.1.1 Die hiërargiese klassifikasie van bevorderbaarheidskriteria deur akademiese inspekteurs van onderwys met geslag, ervaring en ouderdom as afhanklike veranderlikes.

3.9.1.1.2 Die hiërargiese klassifikasie van bevorderbaarheidskriteria deur akademiese inspekteurs van onderwys met geslag en ervaring as afhanklike veranderlikes.

3.9.1.1.3 Die hiërargiese klassifikasie van bevorderbaarheidskriteria deur akademiese inspekteurs van onderwys met ouderdom en ervaring, geslag en ouderdom, slegs ervaring en slegs geslag as afhanklike veranderlikes.

3.9.1.2 DIE HIËRARGIESE KLASSEFIKASIE VAN BEVORDERBAARHEIDSKRITERIA DEUR AKADEMIESE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS MET GESLAG, ERVARING EN OUDERDOM AS AFHANKLIKE VERANDERLIKES (Tabel 3.7)

Die volgende begrippe sal deurgaans gebruik word:

Kategorie: Dit dui op die wesentlike beskrywing van n aantal bestuursbevoegdheids- of n versameling van n aantal bevorderbaarheidskriteria.

Kriterium: n Maatstaf aan die hand waarvan bevorderbaarheid gemeet sal kan word.

In tabel 3.7 is geslag, ervaring en ouderdom as afhanklike veranderlikes gebruik. As gevolg van praktiese probleme ten opsigte van die omvang van die tabel is daar na aanleiding van die response met die hoogste frekwensie n sintese gemaak van ouderdomsgroepe 30-40; 41 - 50; 51 - 60 en 61 - 65 jaar. Hieruit is daar toe weer n sintese gemaak van die hiërargiese klassifikasie van die kriteria, terwyl geslag en ervaring as afhanklike veranderlikes funksioneer. Die frekwensie wat dus in elke kolom aangedui word, is die frekwensie

van die hiërargie van die ouderdomsafhanklike.

Uit tabel 3.7 kan die volgende afleidings gemaak word:

Met betrekking tot kategorieë 6 en 12 wat handel oor die gradering as vakonderwyser en die verhouding van die potensieële adjunk-hoof / skoolhoof teenoor personeel, blyk dit dat in die hiërargiese klassifikasie van die kriteria deur akademiese inspekteurs, met ervaring, geslag en ouderdom as afhanklike veranderlikes, duidelike ooreenstemming bestaan.

By die volgende kategorieë het daar twyfel by respondente bestaan met betrekking tot die hiërargiese ordening van bepaalde kriteria. Die enigste verklaring wat vir die bestaan van die verskillende gebied kan word, is dat die kriteria bykans ewe belangrik is vir bevorderbaarheid en dat respondente dus nie maklik hiërargies tussen hulle kon onderskei nie. Ter wille van volledigheid word die kategorieë waarby daar twyfel ontstaan het in verband met die hiërargiese ordening van bepaalde kriteria, nou bespreek:

KATEGORIE 7 : GESINDHEID TEENOR DIE ONDERWYS EN FORMING VAN DIE LEERLING

Uit tabel 3.7 blyk dit dat vroulike respondente nie 'n duidelike keuse tussen kriteria 1 en 5 kon maak nie. Die manlike respondente se ordening, met 'n frekwensie van 28, sal dan die waarskynlikste rangskikking wees.

KATEGORIE 8 : PROBLEEMOPLOSSINGSVERMOË

Hier kon die vroulike respondente nie 'n duidelike keuse uitoefen tussen kriteria 1, 3, 4 en 5 nie, terwyl 11 van die manlike respondente 'n hiërargiese rangskikking van 2, 3, 1, 4 en 5 bepaal het.

KATEGORIE 9 : BEPLANNINGSVERMOË EN ORGANISASIE

Manlike respondente se hiërargiese keuse is deur 12 as 1, 5, 4, 3 en 2 aangegee, terwyl vroulike respondente getwyfel het oor die hiërargie van kriteria 4 en 5.

TABEL 3.7

HIERARGIESE KLASSEKASIE VAN BEVORDERBAARHEIDSKRITERIA DEUR
 AKADEEMIESE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS MET GESLAG, ERVARING EN
 OUDERDOM AS AFHANKLIKE VERANDERLIKES

		Kriteria	Ervaring + Geslag		Ervaring + Geslag		Ervaring + Geslag		Ervaring + Geslag		Sintese	
			1-5 jaar		6-10 jaar		11-15 jaar		16-20 jaar		M D	
			M	D	M	D	M	D	M	D		
Frekwensie		(f)	(21)	(3)	(4)	(2)	(1)		(1)		(27)	(5)
Kategorieë 6 Gradering as Vak- onderwyser	Ouder- dom 30-65	1	1	1	1	1	1	-	1	-	1	1
		2	2	2	2	2	2	-	2	-	2	2
		3	4	4	4	4	4	-	4	-	4	4
		4	3	3	3	3	3	-	3	-	3	3
		5	5	5	5	5	5	-	5	-	5	5
7 Gesindheid teenoor Onderwys	Ouder- dom 30-65	(f)	(24)	(3)	(3)	(1)	(1)		(1)		(28)	(4)
		1	2	3*	2	2*	2*	-	3*	-	2	3
		2	1	1	1	1	1	-	1	-	1	1
		3	4	4	4	4	4	-	4	-	4	4
		4	5	5	5	5	5	-	5	-	5	5
5	3	2	3	3	4	-	2	-	3	2		
8 Probleem- oplos- sings- vermoë	Ouder- dom 30-65	(f)	(11)	(2)	(3)	(2)	(1)		(1)		(11)	(4)
		1	2	2	1*	1/2*	1*		1*		2	1/2
		2	3	3	3	3	2		3		3	3
		3	1	1	2	1/2	3		2		1	1/2
		4	4	4	4	4/5	4		4		4	4/5
5	5	5	5	4/5	5		5		5	4/5		
9 Beplan- nings- vermoë	Ouder- dom 30-65	(f)	(11)	(3)	(3)	(2)	(1)		(1)		(12)	(5)
		1	1	1*	1*	1*	1*		1		1	1
		2	5	5	2	4/5	4		5		5	5
		3	4	4	2	4/3	3		4		4	4
		4	3	2	5	3/5	5		3		3	2
5	2	2/3	2	2	2		2		2	2/3		
10 Besluit- neming	Ouder- dom 30-65	(f)	(24)	(2)	(3)	(2)	(1)		(1)		(29)	(4)
		1	4	4*	4	4	4		4		4	4
		2	2	2	2	2	2		2		2	2
		3	3	2	3	3	3		3		3	2/3
		4	1	1	1	1	1		1		1	1
5	5	5	5	5	5		5		5	5		

* Hierargie verskil van die finale sintese.

Tabel 3.7 vervolg

		Kriteria		Ervaring + Geslag		Ervaring + Geslag		Ervaring + Geslag		Ervaring + Geslag		Sintese	
				1-5 jaar		6-10 jaar		11-15 jaar		16-20 jaar			
		M	D	M	D	M	D	M	D	M	D		
Frekwensie		(f)	(24)	(3)	(5)	(2)	(1)		(1)		(24)	(3)	
11 Admini- stratief	Ouder- dom 30-65	1	1	1	1*	1*	1*		1*		1	1	
		2	4	3/4	3	3/4	4		3		4	3/4	
		3	5	5	5	5	2		5		5	5	
		4	2	1	2	2	5		2		2	1	
		5	3	3	4	3/4	3		4		3	3	
12 Personeel- verhouding	Ouder- dom 30-65	(f)	(24)	(3)	(3)	(2)	(1)		(1)		(24)	(3)	
		1	2	2	1*	1/2*	1*		1		2	2	
		2	1	1	2	1/2	2		2		1	1	
		3	3	3	3	3	3		3		3	3	
		4	4	4	4	4	4		4		4	4	
5	5	5	5	5	5		5		5	5			
13 Ouerver- houding	Ouder- dom 30-65	(f)	(13)	(2)	(3)	(2)	(1)		(1)		(15)	(4)	
		1	5	5*	4*	2/5*	5		5		5	2/5	
		2	4	3	3	1/2	4		4		4	3/1/2	
		3	3	3	4	3	3		3		3	3	
		4	2	2	2	4/5	2		2		2	2/4/5	
5	1	1	1	1/4	1		1		1	1/4			
14 Leerling- verhouding	Ouder- dom 30-65	(f)	(11)	(3)	(3)	(2)	(1)		(1)		(12)	(5)	
		1	5	3*	4*	4*	5		4*		5	3/4	
		2	2	1/2	1	2	2		2		2	1/2	
		3	4	5	5	5	4		5		4	5	
		4	3	3	3	3	3		3		3	3	
5	1	1	2	1	1		1		1	1			
15 Aanvaar- baarheid	Ouder- dom 30-65	(f)	(24)	(2)	(3)	(2)	(1)		(1)		(24)	(4)	
		1	5	5*	5*	5	3*		5		5	5*	
		2	4	4	4	4	5		4		4	4	
		3	1	1	1	1	4		1		1	1	
		4	2	3	3	2	2		2		2	2/3	
5	3	2	2	3	1		3		3	2/3			

* Hiërargie verskil van die finale sintese.

Tabel 3.7 vervolg

		Kriteria	Ervaring + Geslag		Ervaring + Geslag		Ervaring + Geslag		Ervaring + Geslag		Sintese	
			1-5 jaar		6-10 jaar		11-15 jaar		16-20 jaar		M D	
			M	D	M	D	M	D	M	D		
Frekwensie		(f)	(24)	(2)	(3)	(2)	(1)		(1)		(24)	(4)
16 Personeel- ontwik- keling	Ouder- dom 30-65	1	3	3	3*	2/3*	2*		2*		3	3/2
		2	2	2	1	2/3	3		3		2	2/3
		3	1	1	2	1	1		1		1	1
		4	4	4	4	4	4		4		4	4
		5	5	5	5	5	5		5		5	5
17 Vernuwng	Ouder- dom 30-65	(f)	(24)	(4)	(5)	(1)	(1)		(1)		(31)	(5)
		1	5	5*	5	5	5		5		5	5
		2	4	3/4	4	4	4		4		4	3
		3	3	3/4	3	3	3		3		3	4
		4	2	1/2	2	2	2		2		2	1
5	1	1	1	1	1		1		1	1		
18 Besigheid- sin	Ouder- dom 30-65	(f)	(24)	(2)	(4)	(2)	(1)		(1)		(24)	(4)
		1	1	1	1*	1*	5*		1*		1	1
		2	3	3	3	2/3	1		3		3	2/3
		3	4	5	5	5	2		5		4	5
		4	5	4	4	4	3		4		5	4
5	2	1	2	2/3	4		2		2	1/2/3		
19 Profes- sionele optrede	Ouder- dom 30-65	(f)	(11)	(2)	(3)	(2)	(1)		(1)		(11)	(4)
		1	1	1*	1*	1*	1*		1*		1	1
		2	2	2	2	2	2		2		2	2
		3	5	4	5	3/5	3		3		5	3/4/5
		4	3	3	4	4	4		4		3	3/4
5	4	5	3	3/5	5		5		4	3/5		
20 Delegering	Ouder- dom 30-65	(f)	(11)	(2)	(3)	(2)	(1)		(1)		(11)	(4)
		1	5	5	4*	4/5*	3*		5*		5	4/5
		2	3	3	5	3/4	2		4		3	3/4
		3	1	1	1	1	4		1		1	1
		4	2	2	2	2	1		2		2	2
5	4	4	3	3/5	5		3		4	3/4/5		

* Hiërargie verskil van die finale sintese.

KATEGORIE 10 : BESLUITNEMING

Vroulike respondente het getwyfel oor die hiërargiese klassifikasie van kriteria 3, terwyl 29 van die manlike respondente n hiërargiese ordening van kriteria van 4, 2, 3, 1 en 5 as die mees waarskynlike aangedui het.

KATEGORIE 11 : ADMINISTRATIEWE BEVOEGDHEID

Hier blyk dit dat 24 manlike respondente in die ervaringsgroep 1 - 5 jaar die kriteria soos volg orden: 1, 4, 5, 2, 3, terwyl vroulike respondente nie n duidelike keuse by kriteria 2 en 4 kon uit-oefen nie.

KATEGORIE 13 : VERHOUDING TEENoor Ouers

Manlike respondente was dit met mekaar eens oor die hiërargiese klassifikasie van kriteria, naamlik 5, 4, 3, 2, 1, terwyl vroulike respondente nie n duidelike keuse kon uitoefen met betrekking tot die hiërargie van kriteria 1, 2, 4 en 5 nie.

KATEGORIE 14 : VERHOUDING TEENoor LEERLINGE

Hier blyk dit dat vroulike respondente getwyfel het oor die hiërargie van kategorie 1, 2 en 3, maar dat die manlike respondente se hiërargiese ordening van 5, 2, 4, 3, 1 die waarskynlikste keuse is.

KATEGORIE 15 : AANVAARBAARHEID VIR DIE BREë GEMEENSAP

Die manlike respondente stel n besliste hiërargiese volgorde van 5, 4, 1, 2 en 3 vas, terwyl vroulike respondente nie duidelikheid gehad het oor die relatiewe belangrikheid van kriteria 4 en 5 nie.

KATEGORIE 16 : PERSONEELONTWIKKELING

By manlike respondente het daar nie twyfel bestaan oor die hiërargiese klassifikasie van kriteria nie, sodat die hiërargie 3, 2, 1, 4 en 5 die mees aanvaarbare sal wees. Vroulike respondente kon nie n duidelike keuse uitoefen by kriteria 1 en 2 nie.

KATEGORIE 17 : VERNUWING

Hier blyk dit duidelik dat die ordening van bykans alle manlike respondente ooreenstem met die hiërargiese klassifikasie 5, 4, 3, 2 en 1, maar dat vroulike respondente nie kon besluit oor die hiërargie van kriteria 2, 3 en 4 nie.

KATEGORIE 18 : BESIGHEIDSIN

Dit is duidelik uit die tabel dat die manlike respondente se hiërargiese klassifikasie van 1, 3, 4, 5, 2 die mees aanvaarbare klassifikasie verteenwoordig. Vroulike respondente kon nie 'n bestelste keuse uitoefen tussen kriteria 2, 3, 4 en 5 nie.

KATEGORIE 19 : PROFESSIONELE OPTREDE TEENOR ONDERWYSOWERHEID

Die hiërargiese klassifikasie van manlike respondente, naamlik 1, 2, 5, 3 en 4 blyk die mees aanvaarbare ordening te wees, aangesien vroulike respondente nie 'n hiërargie kon bepaal by kriteria 3, 4 en 5 nie.

KATEGORIE 20 : DELEGERING

Manlike respondente het met 'n groot meerderheid besluit op die hiërargiese klassifikasie van 5, 3, 1, 2 en 4, terwyl vroulike respondente nie die hiërargie kon bepaal by kriteria 1, 2 en 5 nie.

3.9.1.3

DIE HIËRARGIESE KLASSEKASIE VAN BEVORDERBAARHEIDSKRITERIA DEUR AKADEEMIESE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS MET GESLAG EN ERVARING AS AFHANKLIKE VERANDERLIKES (Tabel 3.8)

Uit tabel 3.8 kan die volgende afleidings gemaak word:

Met betrekking tot kategorieë 8, 10, 12, 14 en 15 wat handel oor die probleemoplossingsvermoë, besluitneming, verhouding teenoor personeel, verhouding teenoor leerlinge en aanvaarbaarheid deur die breë gemeenskap, blyk dit dat die hiërargiese klassifikasie deur akademiese inspekteurs, waar ervaring en geslag afhanklike veranderlikes is, 'n duidelike ooreenstemming toon.

By die volgende kategorieë het daar twyfel by respondente bestaan met betrekking tot die hiërargiese ordening van bepaalde kriteria. Die enigste verklaring wat vir die bestaan van die verskillende aanbiedings kan word, is dat die kriteria bykans ewe belangrik is vir bevorderbaarheid en dat respondente dus nie maklik hiërargies tussen hulle kon onderskei nie. Ter wille van volledigheid word die kategorieë waarby daar twyfel ontstaan het in verband met die hiërargiese ordening van bepaalde kriteria, nou bespreek.

KATEGORIE 6 : GRADERING AS VAKONDERWYSER

Alhoewel n hiërargiese klassifikasie van 1, 2, 3, 3, 5 deur manlike respondente daarop dui dat daar twyfel bestaan oor die hiërargie van kriteria 3 en 4, moet daarop gewys word dat met n frekwensie van 29 op die besondere keuse besluit is. Die vroulike respondente se hiërargiese klassifikasie van 1, 2, 4, 3, 5 dui op n besliste keuse, maar slegs 6 respondente was deel van die keusebesluit.

KATEGORIE 7 : GESINDHEID TEENOR DIE ONDERWYS EN DIE VORMING VAN DIE LEERING

Hier is n baie besliste meerderheidskeuse by manlike respondente, terwyl vroulike respondente nie n duidelike keuse kon uitoefen tussen kriteria 1 en 5 nie.

KATEGORIE 9 : BEPLANNINGSVERMOË EN ORGANISASIE

Dit is duidelik uit die tabel dat manlike respondente se hiërargiese klassifikasie van 1, 5, 4, 3, 2 die mees aanvaarbare klassifikasie verteenwoordig. Vroulike respondente kon nie n besliste keuse uitoefen tussen kriteria 4 en 5 nie.

KATEGORIE 11 : ADMINISTRATIEWE BEVOEGDHEDE

Hier is dit duidelik dat manlike respondente met n frekwensie van 24 die mees aanvaarbare hiërargiese klassifikasie daargestel het, naamlik 1, 4, 5, 2, 3. Vroulike respondente het egter getwyfel oor die hiërargie van kriteria 4 en 5.

TABEL 3.8

HIËRARGIESE KLASSEKASIE VAN BEVORDERBAARHEIDSKRITERIA DEUR
 AKADEMIESE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS MET GESLAG EN ERVARING AS
 AFHANKLIKE VERANDERLIKES

Ervaring	KRITERIA	1 - 5 jaar		6-10 jaar		11-15 jaar		16-20 jaar		Sintese	
		M	D	M	D	M	D	M	D	M	D
Frekwensie	(f)	(24)	(4)	(5)	(2)	(1)	(0)	(1)	(1)		
Kategorieë	(f)									(29)	(6)
6 Gradering as vakonder- wyser	1	1	1	1	1	1*		1*		1	1
	2	2	2	2	2	2				2	2
	3	3	4	3	4	4		4		3	4
	4	3	3	3	3	3		3		3	3
	5	5	5	5	5	5		5		5	5
7 Gesindheid teenoor onderwys	(f)									(29)	(4)
	1	2	3	2	2	2*		3*		2	3
	2	1	1	1	1	1		1		1	1
	3	4	4	4	4	5		4		4	4
	4	5	5	5	5	4		3		5	5
5	3	2	3	2	4		2		3	2	
8 Probleem- oplossings- vermoë	(f)									(24)	(4)
	1	2	2	1*	1*	1*		1*		2	2
	2	3	3	3	3	2		3		3	3
	3	1	1	1	1	3		2		1	1
	4	4	4	4	4	4		4		4	4
5	5	5	5	5	5		5		5	5	
9 Beplannings- vermoë	(f)									(29)	(4)
	1	1	1	1*	1*	1*		1*		1	1
	2	5	5	5	5	4		4		5	5
	3	4	4	2	3	3		5		4	4
	4	3	2	3	4	5		3		3	2
5	2	2	4	2	2		2		2	2	
10 Besluit- neming	(f)									(26)	(6)
	1	4	4	3*	4	4		4		4	4
	2	2	2	2	2	2		2		2	2
	3	3	3	4	3	3		3		3	3
	4	1	1	1	1	1		1		1	1
5	5	5	5	5	5		5		5	5	

* Hiërargie verskil van die finale sintese.

Tabel 3.8 vervolg

Ervaring	KRITERIA	1 - 5 jaar		6-10 jaar		11-15 jaar		16-20 jaar		Sintese	
		M	D	M	D	M	D	M	D	M	D
11	(f)									(24)	(4)
Administratief	1	1	1	1*	1*	1*		1*		1	1
	2	4	4	3	3	4		3		4	4
	3	5	5	5	5	2		5		5	5
	4	2	1	2	2	5		2		2	1
	5	3	3	4	3	4		3		3	3
12	(f)									(31)	(4)
Personeelverhouding	1	2	2	2	1*	2		2		2	2
	2	1	1	1	1	1		1		1	1
	3	3	3	3	3	3		3		3	3
	4	4	4	4	4	4		4		4	4
	5	5	5	5	5	5		5		5	5
13	(f)									(24)	(4)
Oeververhouding	1	4	5*	4*	4*	5*		5*		4	5
	2	5	3	3	1	4		4		5	3
	3	3	4	4	3	3		3		3	4
	4	2	2	2	5	2		2		2	2
	5	1	1	1	2	1		1		1	1
14	(f)									(30)	(6)
Leerlingverhouding	1	4	4	4	4	5*		4		4	4
	2	2	2	2	2	2		2		2	2
	3	5	5	5	5	4		5		5	5
	4	3	3	3	3	3		3		3	3
	5	1	1	1	1	1		1		1	1
15	(f)									(30)	(6)
Aanvaardbaarheid	1	5	5	5	5	3*		5		5	5
	2	4	4	4	4	5		4		4	4
	3	1	1	1	1	4		1		1	1
	4	2	2	2	2	2		2		2	2
	5	3	3	3	3	1		3		3	3
16	(f)									(24)	(4)
Personeelontwikkeling	1	3	2	3*	2*	2*		2*		3	2
	2	2	3	1	2	3		3		2	3
	3	1	1	2	1	1		1		1	1
	4	4	4	4	4	4		4		4	4
	5	5	5	5	5	5		5		5	5

* Hiërarchie verschil van die finale sintese.

Tabel 3.8 vervolg

Ervaring	KRITERIA	1 - 5 jaar		6-10 jaar		11-15 jaar		16-20 jaar		Sintese	
		M	D	M	D	M	D	M	D	M	D
17	(f)									(30)	(6)
Vernuwning	1	5	5*	5	5*	5		5*		5	5
	2	4	4	4	4	4		4		4	4
	3	3	3	3	3	3		3		3	3
	4	2	1	2	1	2		1		2	1
	5	1	1	1	1	1		2		1	1
18	(f)									(24)	(4)
Sakevernuf	1	1	1*	1*	1*	5*		1*		1	1
	2	3	3	3	2	1		3		3	3
	3	4	5	5	5	2		5		4	5
	4	5	4	4	4	3		4		5	4
	5	2	1	2	2	4		2		2	1
19	(f)									(29)	(4)
Profes- sionele optrede	1	1	1*	1	1*	1*		1*		1	1
	2	2	2	2	2	2		2		2	2
	3	5	4	5	3	3		3		5	4
	4	4	3	4	3	4		4		4	3
	5	3	5	3	3	5		5		3	5
20	(f)									(24)	(4)
Delegering	1	4	2*	3*	5*	3*		4*		4	2
	2	3	4	3	3	2		5		3	4
	3	1	1	1	1	4		1		1	1
	4	2	2	2	2	1		2		2	2
	5	4	5	5	4	5		3		4	5

* Hiërargie verskil van die finale sintese.

KATEGORIE 13 : VERHOUDING TEENOOR OUIERS

Dit blyk dat 24 manlike respondente in die ervaringsgroep 1 - 5 jaar se hiërargie van kriteria 4, 5, 3, 2, 1 is, terwyl vroulike respondente nie 'n duidelike keuse by kriteria 1, 2 en 3 kon uitoefen nie.

KATEGORIE 16 : PERSONEELONTWIKKELING

Die hiërargiese klassifikasie van manlike respondente, naamlik 3, 2, 1, 4, 5 blyk die mees aanvaarbare hiërargie te wees, aangesien vroulike respondente nie 'n hiërargie kon bepaal by kriteria 1 en 2 nie.

KATEGORIE 17 : VERNUWING

By manlike respondente het daar nie twyfel bestaan oor die hiërargiese klassifikasie van kriteria nie, sodat die hiërargie 5, 4, 3, 2, 1 die mees aanvaarbare sal wees. Vroulike respondente kon nie 'n duidelike keuse uitoefen tussen kriteria 4 en 5 nie.

KATEGORIE 18 : SAKEVERNUF

Vroulike respondente het getwyfel oor die hiërargiese klassifikasie van kriteria 3, 4, en 5, terwyl manlike respondente met 'n frekwensie van 24 'n hiërargie van 1, 3, 4, 5, 2 as die mees waarskynlike aangedui het.

KATEGORIE 19 : PROFESSIONELE OPTREDE TEENOOR ONDERWYSOWERHEID

Hier is dit duidelik dat manlike respondente met 'n frekwensie van 29 die mees aanvaarbare hiërargiese klassifikasie daargestel het, naamlik 1, 2, 5, 4, 3. Vroulike respondente kon nie 'n duidelike keuse by kriteria 3, 4 en 5 uitoefen nie.

KATEGORIE 20 : DELEGERING

Hier kon, soos blyk uit tabel 3.8, nie deur die manlike of vroulike respondente 'n besliste hiërargiese klassifikasie gemaak word nie. Manlike respondente, alhoewel in die meerderheid, het besluit op die hiërargie 4, 3, 1, 2, 4. Vroulike respondente kon ook nie 'n finale keuse maak vir die hiërargiese klassifikasie van

kriteria 1, 2 en 5 nie.

3.9.1.4 DIE HIËRARGIESE KLASSIFIKASIE VAN BEVORDERBAARHEIDSKRITERIA DEUR
AKADEMIESE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS MET OUDERDOM EN ERVARING,
GESLAG EN OUDERDOM, SLEGS ERVARING EN SLEGS GESLAG AS AFHANKLIKE
VERANDERLIKES (TABEL 3.9)

Tabel 3.9 is 'n sintesetabel uit tabelle waar die volgende afhanklike veranderlikes van toepassing was:

- a. Ouderdom en ervaring;
- b. Geslag en ouderdom;
- c. Slegs ervaring;
- d. Slegs geslag.

Om tot die sintese te kon kom, is deurgaans van die response met die hoogste frekwensie gebruik gemaak wat op elke tabel afsonderlik van toepassing was en daarom is frekwensies by elke kategorie en afhanklike veranderlike genoteer. Op grond van hierdie genoteerde frekwensies is die finale sintese saamgestel vir die toepaslike afhanklike veranderlikes.

Vir die doel van skrywer se bespreking sal die verskillende onafhanklike veranderlikes van elke kategorie met mekaar vergelyk word.

Uit tabel 3.9 kan die volgende afleidings gemaak word:

Met betrekking tot kategorieë 6, 8, 9, 10, 12 en 15 wat handel oor die potensiele adjunk-hoof / skoolhoof se gradering as vakonderwyser, probleemoplossingsvermoë, beplanningsvermoë, besluitnemingsvermoë, verhouding teenoor personeel en aanvaarbaarheid deur die breë gemeenskap, blyk dit dat in die hiërargiese klassifikasie deur akademiese inspekteurs (waar ouderdom en ervaring; geslag en ouderdom, slegs ervaring en slegs geslag, afhanklike veranderlikes is) duidelike ooreenstemming bestaan.

KATEGORIE 7 : GESINDHEID TEENOR DIE ONDERWYS

Uit tabel 3.9 blyk dit dat vroulike respondente nie 'n duidelike keuse tussen kriteria 1 en 5 kon maak nie. Die manlike respondente se keuse van 2, 1, 4, 5, 3 toon die hoogste frekwensie en sal dan die mees waarskynlikste wees.

TABEL 3.9

HIËRARGIESE KLASSEKASIE VAN BEVORDERBAARHEIDSKRITERIA DEUR
 AKADEMIESE INSPEKTEURS VAN ONDERWYS MET OUDERDOM EN ERVARING;
 GESLAG EN OUDERDOM; SLEGS ERVARING EN SLEGS GESLAG AS
 AFHANKLIKE VERANDERLIKES

	Kriteria	Ouderdom + Ervaring	Geslag + Ouderdom		Ervaring	Geslag		Sintese
			M	D		M	D	
Frekwensie	(f)	(32)	(27)	(4)	(37)	(31)	(6)	(137)
<u>Kategorieë</u>								
6	1	1	1	1	1	1	1	1
Gradering as vakonder- wyser	2	2	2	2	2	2	2	2
	3	4	4	4	4	4	4	4
	4	3	3	3	3	3	3	3
	5	5	5	5	5	5	5	5
7	(f)	(28)	(18)	(7)	(35)	(31)	(6)	(112)
Gesindheid teenoor die Onderwys	1	2	2	2*	2	2	3*	2
	2	1	1	1	1	1	1	1
	3	4	4	4	4	4	4	4
	4	5	5	5	5	5	5	5
	5	3	3	2	3	3	2	3
8	(f)	(25)	(14)	(3)	(28)	(31)	(6)	(107)
Probleemop- lossings- vermoë	1	2	2	2	2	2	2	2
	2	3	3	3	3	3	3	3
	3	1	1	1	1	1	1	1
	4	4	4	4	4	4	4	4
	5	5	5	5	5	5	5	5
9	(f)	(25)	(26)	(3)	(29)	(31)	(6)	(120)
Beplannings- vermoë	1	1	1	1	1	1	1	1
	2	5	5	5	5	5	5	5
	3	4	4	4	4	4	4	4
	4	3	3	3	3	3	3	3
	5	2	2	2	2	2	2	2
10	(f)	(34)	(29)	(4)	(37)	(31)	(6)	(141)
Besluit- neming	1	4	4	4	4	4	4	4
	2	2	2	2	2	2	2	2
	3	3	3	3	3	3	3	3
	4	1	1	1	1	1	1	1
	5	5	5	5	5	5	5	5

* Hiërargie verskil van die finale sintese.

Tabel 3.9 vervolg

	Kriteria	Ouderdom + Ervaring	Geslag + Ouderdom		Ervaring	Geslag		Sintese
			M	D		M	D	
Frekwensie	(f)	(17)	(17)	(3)	(28)	(31)	(6)	(54)
11 Administra- tiewe Bevoegd- heid	1	1*	1	1	1	1*	1	1
	2	3	4	4	4	3	4	4
	3	5	5	5	5	5	5	5
	4	2	2	2	2	2	2	2
	5	4	3	3	3	3	3	3
12 Personeel- verhouding	(f)	(33)	(31)	(4)	(37)	(31)	(6)	(142)
	1	2	2	2	2	2	2	2
	2	1	1	1	1	1	1	1
	3	3	3	3	3	3	3	3
	4	4	4	4	4	4	4	4
5	5	5	5	5	5	5	5	
13 Ouerver- houding	(f)	(19)	(17)	(4)	(30)	(31)	(6)	(80)
	1	5	5*	5*	5	5	5*	5
	2	4	3	2	4	4	2	4
	3	3	4	4	3	3	4	3
	4	2	2	3	2	2	3	2
5	1	1	1	1	1	1	1	
14 Leerling- verhouding	(f)	(18)	(14)	(3)	(36)	(31)	(6)	(102)
	1	4	4	4	4	4	4*	4
	2	2	2	2	2	2	2	2
	3	5	5	5	5	5	4	5
	4	3	3	3	3	3	3	3
5	1	1	1	1	1	1	1	
15 Aanvaarbaar- heid deur gemeenskap	(f)	(24)	(29)	(4)	(36)	(31)	(3)	(130)
	1	5	5	5	5	5	5	5
	2	4	4	4	4	4	4	4
	3	1	1	1	1	1	1	1
	4	2	2	2	2	2	2	2
5	3	3	3	3	3	3	3	
16 Personeel- ontwikkeling	(f)	(14)	(29)	(5)	(35)	(31)	(6)	(115)
	1	3	3	2*	3	3	2*	3
	2	2	2	2	2	2	3	2
	3	1	1	1	1	1	1	1
	4	4	4	4	4	4	4	4
5	5	5	5	5	5	5	5	

* Hiërargie verskil van die finale sintese.

Tabel 3.9 vervolg

	Kriteria	Ouderdom +	Geslag +		Ervaring	Geslag		Sintese
		Ervaring	M	D		M	D	
Frekwensie	(f)	(30)	(31)	(6)	(36)	(31)	(6)	(128)
17 Vernuwung	1	5	5	5	5	5	5*	5
	2	4	4	3/4	4	4	4	4
	3	3	3	3	3	3	3	3
	4	2	2	1/2	2	2	1	2
	5	1	1	1/2	1	1	1	1
18 Besigheid- sin	(f)	(15)	(15)	(4)	(35)	(31)	(6)	(96)
	1	1	1	1*	1	1	1*	1
	2	3	3	3	3	3	3	3
	3	4	4	5	4	4	5	4
	4	5	5	4	5	5	4	5
5	2	2	2	2	2	2	2	
19 Profes- sionele op- trede teen- oor onder- wysowerheid	(f)	(15)	(12)	(3)	(35)	(31)	(6)	(81)
	1	1	1*	1*	1	1	1*	1
	2	2	2	2	2	2	2	2
	3	5	5	3	5	5	4	5
	4	4	3	3	4	4	3	4
5	3	4	5	3	3	5	3	
20 Delegering	(f)	(11)	(26)	(3)	(35)	(31)	(6)	(83)
	1	4	5*	5*	4	4	4	4
	2	3	3	3	3	3	3	3
	3	1	1	1	1	1	1	1
	4	2	2	2	2	2	2	2
5	5	4	4	5	5	5	5	

* Hiërargie verskil van die finale sintese.

KATEGORIE 11 : ADMINISTRATIEWE BEVOEGDHEDE

Hier kon respondente, waar ouderdom en ervaring n afhanklike veranderlike was, nie in hulle hiërargiese klassifikasie ooreenstem met die meerderheid ander respondente nie. Dieselfde verskynsel doen hom voor by die manlike respondente, maar slegs waar geslag n afhanklike veranderlike is. Met n redelike hoë frekwensie blyk die hiërargiese klassifikasie 1, 4, 5, 2, 3 die mees aanvaarbare te wees.

KATEGORIE 13 : VERHOUDING TOT OUERS

Manlike sowel as vroulike respondente het, waar geslag en ouderdom n afhanklike veranderlike is, getwyfel oor die hiërargiese klassifikasie van kriteria 2, 3 en 4. Vroulike respondente, waar geslag as afhanklike veranderlike funksioneer, het ook getwyfel oor die hiërargiese klassifikasie van kriteria 2, 3 en 4. Die hiërargiese klassifikasie van 5, 4, 3, 2, 1, soos uit die response met die hoogste frekwensie bepaal, blyk die mees aanvaarbare te wees.

KATEGORIE 14 : VERHOUDING TOT LEERLINGE

Hier blyk dit dat die vroulike respondente getwyfel het oor die hiërargie van kriteria 3 en 4, maar dat respondente oor die algemeen se hiërargiese klassifikasie van 4, 2, 5, 3, 1 die mees waarskynlike keuse is.

KATEGORIE 16 : PERSONEELONTWIKKELING

Die respondente het oor die algemeen met n baie hoë frekwensie n besliste hiërargiese keuse van 3, 2, 1, 4, 5 uitgeoefen, wat dan ook die mees aanvaarbare keuse blyk te wees. Vroulike respondente kon waar geslag en ouderdom en slegs geslag as afhanklike veranderlikes van toepassing is, nie n duidelike hiërargiese ordening uitoefen nie.

KATEGORIE 17 : VERNUWING

Hier blyk dit duidelik dat bykans alle manlike respondente ooreenstem met die hiërargiese klassifikasie 5, 4, 3, 2, 1, maar dat vroulike respondente, waar geslag en ouderdom 'n afhanklike veranderlike is, nie kon besluit oor die hiërargie van kriteria 2, 4, en 5 nie.

KATEGORIE 18 : SAKEVERNUF

Dit is duidelik uit die tabel dat vroulike respondente, waar geslag en ouderdom en slegs geslag afhanklike veranderlikes is, nie 'n hiërargiese keuse kon maak ten opsigte van kriteria 3 en 4 nie. Bykans alle ander respondente was dit eens oor die hiërargiese klassifikasie van die bevorderbaarheidskriteria, naamlik 1, 2, 5, 4, 3.

KATEGORIE 20 : DELEGERING

